LETTER WRITING



Leah se ouers, Nathan en Rebecca Sharibu, saam met haar ouma.

# Bemoedig Nathan en Rebecca terwyl hulle in hoopvolle afwagting op Leah se terugkeer wag

Noah en Rebecca se dogter, Leah, is in Februarie 2018 deur die Islamitiese Staat gevange geneem. Leah was slegs 14 jaar oud toe sy saam met 109 ander studente van die *Government Girls Science and Technical College* in die Yobe-staat, Nigerië, ontvoer is.

Leah het geweier om haar Christelike geloof prys te gee, wat beteken dat sy haar vryheid moes opgee terwyl die ander meisies vrygelaat is. Sy is nou 19 jaar oud en steeds in gevangenskap.

Bemoedig Leah se ouers, wat hoopvol bly dat hulle met haar herenig sal word, deur vir hulle ŉ brief te skryf. Epos jou brief aan **letterwriting@opendoors.org.za** of stuur dit per pos:

**Letter writing: Leah's parents**
**c/o Open Doors**
**P.O. Box 1771**
**Cresta, 2118**

Om te voorkom dat Leah se ouers oorweldig word, wil ons vra dat jy by die volgende riglyne hou:

- Bewoording op brief of kaartjie: "Ek hou aan om vir Leah te bid." Teken jou naam daarby en sê van watter land jy afkomstig is.
- Jy kan ook die volgende vers as deel van jou brief of kaartjie gebruik: *"Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie."* – Johannes 10:28-29

Geopende Deure

www.opendoors.org.za/write